# STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* BUITELANDS 40c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

Vol. 207 PRETORIA, 3 SEPTEMBER 1982 No. 8371


## PROKLAMASIE

***van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika***

**No. 163, 1982**

WYSIGING VAN DIE WET OP VERPLEGING, 1978 (WET 50 VAN 1978), TEN EINDE GENOEMDE WET IN SUIDWES-AFRIKA VAN TOEPASSING TE MAAK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agtiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Twee-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. W. BOTHA.

BYLAE

*Toepassing in Suidwes-Afrika van Wet 50 van 1978, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 71 van 1981*

1. Die Wet op Verpleging, 1978 [behalwe artikels 38 en 46 (5) en die woorde "en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal" in artikel 47 (1), en artikel 47 (2) daarvan], soos deur artikel 2 van die Wysigingswet op Verpleging, 1981, gewysig, is ook in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, van toepassing en word geag, behalwe met betrekking tot artikel 38A, op 28 Julie 1978 en, met betrekking tot genoemde artikel 38A, op 23 September 1981 vir bedoelde gebied in werking te getree het, en 'n verwysing daarin na die Republiek van Suid-Afrika word, tensy dit uit die samehang anders blyk, geag 'n verwysing ook na die gebied Suidwes-Afrika te wees.

*Kort titel*

2. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Verpleging, 1982.

## PROCLAMATION

***by the State President of the Republic of South Africa***

**No. 163, 1982**

AMENDMENT OF THE NURSING ACT, 1978 (ACT 50 OF 1978), SO AS TO APPLY THE SAID ACT IN SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby make the laws set out in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Eighteenth day of August, One thousand Nine hundred and Eighty-two.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. W. BOTHA.

SCHEDULE

*Application in South West Africa of Act 50 of 1978, as amended by section 2 of Act 71 of 1981*

1. The Nursing Act, 1978 [except sections 38 and 46 (5) and the words "and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*" in section 47 (1), and section 47 (2) thereof], as amended by section 2 of the Nursing Amendment Act, 1981, shall apply also in the Territory of South West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel, and shall be deemed to have come into operation for the said territory, except in relation to the said section 38A, on 28 July 1978 and, in relation to the said section 38A, on 23 September 1981, and any reference therein to the Republic of South Africa shall, unless the context indicates otherwise, be deemed to include a reference to the Territory of South West Africa.

*Short title*

2. This Proclamation shall be called the Nursing Proclamation, 1982.

**No. 167, 1982**

PROVINSIALE RAADTUSSENVERKIESING.—KIESAFDELING BOTHAVILLE

Ek, Marais Viljoen, Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika—

(1) bepaal hierby ingevolge die bepalings van artikels 34 en 110 van die Kieswet, 1979 (Wet 45 van 1979)—

(a) Dinsdag, 28 September 1982, as die dag waarop 'n nominasiehof sitting sal hou ten opsigte van die kiesafdeling Bothaville om nominasies van verkiesingskandidate te ontvang vir die verkiesing van 'n lid van die Provinsiale Raad van die provinsie die Oranje-Vrystaat vir daardie kiesafdeling;

(b) dat bedoelde nominasiehof sitting sal hou in die Siviele Hof, Landdroskantoor, Parys, om 10h00;

(c) dat ingeval 'n stemming nodig word in gemelde kiesafdeling omdat meer as een persoon behoorlik genomineer is by die sluiting van die nominasiehof, die stemming op Woensdag, 3 November 1982, sal plaasvind, om 07h00 op bedoelde dag sal begin en om 21h00 daardie dag sal eindig; en

(2) stel hierby ingevolge bedoelde bepalings mnr. P. A. Mans, Landdros, Landdroskantoor, Parys, as kiesbeampte aan by die verkiesing in voormelde kiesafdeling.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Eerste dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

F. W. DE KLERK.

**No. 167, 1982**

PROVINCIAL COUNCIL BY-ELECTION.—ELECTORAL DIVISION OF BOTHAVILLE

I, Marais Viljoen, State President of the Republic of South Africa—

(1) hereby determine, in terms of the provisions of sections 34 and 110 of the Electoral Act, 1979 (Act 45 of 1979)—

(a) that Tuesday, 28 September 1982, shall be the day on which a nomination court will sit in respect of the Electoral Division of Bothaville to receive nominations of candidates for election as a member of the Provincial Council of the Province of the Orange Free State for that electoral division;

(b) that the said nomination court shall sit in the Civil Court, Magistrate's Office, Parys, at 10h00;

(c) that if a poll becomes necessary in the said electoral division for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the nomination court, the poll shall be taken on Wednesday, 3 November 1982, and shall commence at 07h00 on the said day and shall close at 21h00 on that day; and

(2) hereby appoint, in terms of the said provisions, Mr P. A. Mans, Magistrate, Magistrate's Office, Parys, as returning officer at the election in the aforesaid electoral division.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this First day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-two.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

F. W. DE KLERK.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE

**No. 1949** **3 September 1982**

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet:

## DEPARTMENT OF INTERNAL AFFAIRS

**No. 1949** **3 September 1982**

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, as amended, decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act:

LYS/LIST P82/75

| Inskrywing No.<br>Entry No. | Publikasie of voorwerp<br>Publication or object | Skrywer of voortbringer<br>Author or producer | Artikel 47 (2)<br>Section 47 (2) |
|---|---|---|---|
| P82/8/68 | ***Race Against Race: South Africa's "Multi-national" Sport Fraud*** | Joan Brickhill | (c) + (e) |
| P82/8/109 | ***Ein Pass Für Die Hölle*** | Georg von Konrat | (e) |
| P82/8/135 | ***Bantu Bantu Yeyele*** (Pamflet/Pamphlet) | Nie vermeld nie/Not stated | (e) |
| P82/8/143 | ***Struggle for the land, The*** (South African History Series—No 1) | Economic History Research Group, Salt River | (e) |
| P82/8/150 | ***Ruth First*** (Pamflet/Pamphlet) | Nie vermeld nie/Not stated | (e) |
| P82/8/152 | ***SADF on our doorstep!*** (Pamflet/Pamphlet) | Social Action, SRC, University of Cape Town | (e) |
| P82/8/163 | ***International Trade Union Union News***—ITN/13, 2 August 1982 | International Confederation of Free Trade Unions | (e) |
| P82/8/165 | ***AACC Newsletter***—Vol 7, No 5/6 | Communications Unit, All Africa Conference of Churches, Nairobi, Kenya | (e) |
| P82/8/166 | ***Mayihlome!!!—I South Africa Eyethu Siyifuna Iphelele!*** | ANC | (e) |

**No. 1950** **3 September 1982**

TERSYDESTELLING VAN VERKLARING DAT PUBLIKASIES ONGEWENS IS

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig, het kragtens artikel 15 (2) van genoemde Wet op hersiening beslis dat die ondergenoemde publikasies nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is nie. Die ondergenoemde inskrywings ten opsigte van die publikasies word hierby geskrap:

**No. 1950** **3 September 1982**

SETTING ASIDE OF DECLARATION THAT PUBLICATIONS ARE UNDESIRABLE

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, as amended, decided under section 15 (2) of the said Act on review that the undermentioned publications are not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act. The undermentioned entries in respect of the publications are hereby deleted:

| Inskrywing No. Entry No. | Publikasie Publication | Skrywer of voortbringer Author or producer | Inskrywing geskrap Entry deleted |
|---|---|---|---|
| P82/8/50........... | ***Wall, The SCBS 2462, Side 1, 2, 3+ 4*** (Grammofoonplaaat/Gramophone Record) | Pink Floyd .................................. | In SK./G.G. 6976, GK./G.N. 957 van/of 2/5/80. |
| P82/8/50........... | ***Wall, The—Side 1+ 2:* AL 36184 and Side 3 + 4: AL 36185** (Grammofoonplaat/Gramophone Record) | Pink Floyd .................................. | In SK./G.G. 7157, GK./G.N. 1588 van/of 25/7/80. |

# INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staatskoerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIES** | | |
| 163 | Wysiging van die Wet op Verpleging (50/1978), ten einde genoemde Wet in SWA van toepassing te maak.......................... | 1 | 8371 |
| 167 | Kieswet (45/1979): Provinsiale Raadtussenverkiesing: Bothaville........................... | 2 | 8371 |
| | **Binnelandse Aangeleenthede, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewings* | | |
| 1949 | Wet op Publikasies (42/1974): Ongewenste publikasies of voorwerpe: Lys P82/75 ........ | 2 | 8371 |
| 1950 | do.: Geskrap..................................... | 3 | 8371 |


# CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATIONS** | | |
| 163 | Amendment of the Nursing Act (50/1978), so as to apply the said Act in SWA ............ | 1 | 8371 |
| 167 | Electoral Act (45/1979): Provincial Council By-Election: Bothaville......................... | 2 | 8371 |
| | **Internal Affairs, Department of** | | |
| | *Government Notices* | | |
| 1949 | Publications Act (42/1974): Undesirable publications or objects: List P82/75 ........... | 2 | 8371 |
| 1950 | do.: Deleted...................................... | 3 | 8371 |

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker,
Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer,
Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

8371—1